automechanika
SOUTH AFRICA

Persverklaring

Medianavrae:

Roger Houghton : Mediabestuurder
Tel: 011 476 7400
Faks: 086 505 8957
e-pos: houghtonr@mwebbiz.co.za
Web: www.automechanikasa.co.za

Automechanika - vooraanstaande handelskou
vir die motorbedryf
Johannesburg Expo Centre, 18 - 21 Maart 2009

DIE SUID-AFRIKAANSE MOTORBEDRYF – DIE PAD VORENTOE

Die Suid-Afrikaanse nuwevoertuig-vervaardigingsbedryf sal vanjaar na verwagting meer as R3,6 miljard in produksiegeriewe, grond en geboue, en vervaardiger-ondersteuningstrukture bestee – die naashoogste syfer die afgelope 12 jaar.

Volgens David Powels, besturende direkteur van Volkswagen Suid-Afrika en president van die nasionale vereniging van voertuigvervaardigers van Suid-Afrika (NAAMSA), sê dié verwagting is ten spyte van die wêreldwye finansiële insinking wat reeds 'n groot uitwerking op die plaaslike bedryf gehad het.

Powels het vanoggend (Woensdag, 18 Maart 2009) 'n afvaardiging van meer as 150 verteenwoordigers in elke afdeling van die plaaslike motorbedryf by die eerste Automechanika SA-handelskou by die Expo-sentrum in Nasrec, Johannesburg, toegespreek. Die onderwerp van sy bespreking was: Die SA motorbedryf: waar kom ons vandaan, en waarheen is ons op pad?

Die verwagte kapitale besteding vir 2009 volg op 'n belegging van net oor die R3 miljard in 2007 en R3,29 miljard in 2008.

"Die bedryf belê steeds en die wins wat in die vet jare gemaak is, word in plaaslike bedrywighede teruggeploeg," het Powels gesê.

Hoewel die Suid-Afrikaanse voertuigbedryf in wêreldterme relatief onbeduidend is – die bedryf is met 'n produksiesyfer van 534 490 voertuie in 2007, of 0,7% van internasionale produksie, in die 24^{e} posisie ter wêreld gegradeer – het die NAAMSA-voorsitter beklemtoon dat dit 'n groot rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie speel.

Die bedryf se aandeel in die Suid-Afrikaanse bruto binnelandse produk (BBP) het in 2007 op 6,9% te staan gekom (heelwat laer as die 7,5% van 2006), en was in 2008 'n groot werkverskaffer met 35 900 werknemers en voertuig- en komponent-uitvoer ter waarde van R50 miljard (282 984 passasiersmotors en ligte handelsvoertuie is uitgevoer), wat vir 'n groot inkomste in buitelandse valuta sorg.

Automechanika South Africa, 18 - 21 Maart 2009

Plaaslike voertuigkopers het die afgelope 14 jaar groot munt uit ontwikkelings in die plaaslike bedryf geslaan, het Powels gesê. Kopers het in Januarie 1994 byvoorbeeld ’n keuse van 192 modelle van 17 vervaardigers gehad. Hierdie keuse het uit sy nate gebars en tot Februarie 2009 tot altesaam 1 336 modelle uit die stal van 59 vervaardigers gestyg.

Klante kon ook munt slaan uit die groot vordering wat die bedryf op die gebied van produktiwiteit en en gehalte gemaak het. “Die bedryf het die afgelope 10 jaar byvoorbeeld ’n styging van 50% in produktiwiteit ervaar, terwyl gehalte dramaties van 230 PP100 (probleme per 100 voertuie) in 1998 tot net 103 PP100 in 2008 gevorder het,” het Powels gesê.

Volgens die NAAMSA-president het die plaaslike bedryf groot transformasie ervaar – van ’n ondoeltreffende en heeltemal beskermende plaaslike bedryf tot die wêreldmededingende bedryf wat dit die afgelope 10 tot 12 jaar was.

- Gehalte en produktiwiteit het aansienlik verbeter, terwyl skaalbesparings toegeneem het deurdat plaaslike platforms van 42 tot 8 verminder het.
- Die gemiddelde produksievolume per model (passasiersmotors en bakkies) het van 9 000 tot 29 300 eenhede gestyg.
- In 2008 is meer as 40 000 eenhede van drie modelle geproduseer, terwyl nege modelle meer as 20 000 eenhede gehaal het en meer as 100 000 eenhede van een model vervaardig is.
- Die aantal voertuie per werknemer wat geproduseer is, het skerp gestyg – van minder as 10 voertuie per werknemer per jaar tot sowat 15 eenhede per jaar, wat ’n styging van oor die 50% verteenwoordig.

Modelle is gerasionaliseer en skaalbesparingsproduksiemetodes het sake vir plaaslike komponentverskaffers vergemaklik en doeltreffendheid verhoog

Die Suid-Afrikaanse motorbedryf het egter baie om te doen ten einde te oorleef, het Powels beklemtoon. Die gemiddelde jaarlikse produksievolumes per platform moet tot nagenoeg 75 000 tot 100 000 eenhede verhoog word, terwyl plaaslike inhoud van minder as 40% tot oor die 70% moet verhoog.

Die APDP sowel as die IDC moet die steun verskaf vir ’n “bedryfstrategie” en produktiwiteit moet dramaties van minder as 20 voertuie per werknemer per jaar tot meer as 30 voertuie te styg.

“Verskaffermededingendheid moet ook tot ten minste Wes-Europese vlakke styg aangesien ’n massiewe belegging in opleiding en vaardigheidsontwikkeling op alle vlakke vereis word,” het Powels afgesluit.

Nog inligting is beskikbaar by:
Roger Houghton 011 476 7400 houghtonr@mwebbiz.co.za

Persverklaarings en fotos is elektronies beskikbaar by:
www.quickpic.co.za en www.automechanikasa.co.za